HOËRSKOOL RANDBURG

**Spesifieke Oueromsendbrief nr. 105 van 2026**

21 September 2026

Geagte Matriekleerder

**MATRIEKPRYSUITDELING EN –AFSLUITINGSDIENS**

U word vriendelik uitgenooi na Hoërskool Randburg se matriekprysuitdeling en erediens wat op Vrydag, 9 Oktober 2026 plaasvind. Hierdie geleentheid sal dus ook die matrieks se laaste amptelike skooldag wees.

Die oggend begin om 07:30 met die matrieks se 'eie' saalbyeenkoms. Daar is ook departementele dokumentasie wat met die graad 12-leerders afgehandel moet word. Die prysuitdeling self begin om 10h00 en ouers is welkom om van 09h45 te arriveer. Ons vra dat ouers asseblief in die voortuin wag om sodoende die graad 12's die geleentheid te gee om hulle verrigtinge af te handel. Na afloop van die prysuitdeling vind die klokseremonie plaas en die matrieks mag dan verdaag. Ons sien hulle weer terug by die skool op die eerste dag van hulle eindeksamen.

Leerders word versoek om in skooldrag (somersdrag met skoolbaadjie) geklee te wees.

Indien 'n matriekleerder nie die funksie kan bywoon nie, maak asseblief per e-pos of *Whatsapp* by Mev. Grethe van Zyl verskoning. (grethe.vanzyl@hsrandburg.co.za of 079 873 8011).

Vriendelike Randjiegroete

G. van Zyl
Adjunk-hoof

P. Booysen
Skoolhoof